Dinsdag 3 November
Skrifgedeelte: Psalm 91:1-16 (AFR83)
Fokusgedeelte: Psalm 91:14
Liefde vir God hou heerlike gevolge vir jou in

Psalm 91 is een van die mooiste Psalms. Hoekom is dit vir ons so ’n mooi psalm? Omdat die wonde van byna elke tipe nood in ons lewe in hierdie psalm soos met salf versag en gestreel en genees word.

En tog is hierdie mooi woorde van Psalm 91 nie maar sommer vir enige een waar nie. Dit is alleen waar vir elke mens wat skuiling gesoek het teen gevare, en toe skuiling gevind het by die Allerhoogste. Om skuiling te vind teen bittere koue, moet jy die warm skuiling letterlik binnegaan en daar vertoef. Om skuiling by God te vind, is om baie naby aan Hom te kom, om oorgegee aan Hom in sy hande te leef. Dit is om sy nabyheid te beleef, te geniet, en Hom voluit te vertrou. Om die Here te vertrou, is om in Hom te glo en om vaste hoop te hê. Vertroue in Hom maak die hardste hardheid soet en sag. Vertroue in hom maak dat jy in jou nood aan alle kante beskerm voel, soos vers 4 sê.

Om by die Here skuilplek te vind, kan nooit sonder liefde vir Hom nie. Dit sou wees soos om met iemand te trou en saam te lewe vir wie jy nie lief is nie. Dan beloof die Here ons in vers 14: Wanneer jy Hom liefhet, kom die klinkklare versekering dat Hy jou Redder is in enige situasie. Maar jy kan die Here ook nie liefhê as jy Hom nie ken nie. Jy sal nooit met iemand trou wat jy nie ken nie. Bly daarom groei in kennis van God, dan sal jou liefde ook groei. Dan gaan die lewe oop, en word alles mooi met God, en word Psalm 91 vir jou net nog mooier en ryker. En dit alles is alleen moontlik omdat God jou eerste liefgehad het, en Christus dit aan die kruis bewys het.

*Sing: Psalm 91-1:1, 6*

*Ds. HJ (Hennie) Briel (Kimberley/Boshof)*